Sukses is...
om te transformeer eerder as om pyn oor te dra.

Johannes 21 Petrus se verhaal: Suksesvol of Onsuksesvol?

Inleidend:
"Everybody is normal till you get to know them" – John Ortberg Die een ding wat die gemeenskaplikheid van ons mens-wees kenmerk is ons gebrokenheid. Ons almal se verhale dra seer, pyn en gebroken-heid. Soms is dit sigbaar, soos verwoestings na die storms en vuur, pyn van verlies, egskeidings, familiedrama, verslawings, gestremdheid, kinderloosheid en soms is dit minder sigbaar...depressie, eensaamheid, onbeantwoorde vrae, skaamte, skande... soveel vorme, maar niemand word dit gevrywaar nie.
Die rede is ons steek dit weg, of ons ontken dit of ons doen alles in ons vermoë om dit te oorkom, want ons leef in 'n kultuur wat obsessief is oor perfektheid, sukses, heelheid en dit laat ons wegskram van gebrokenheid ten alle koste.
Ann Lamott noem dié soeke na perfektheid die stem van die onderdukker. Die stem maak dat ons leef met skuldgevoelens, ons doen nooit goed genoeg nie, is nooit goed genoeg nie. Dit laat ons met ervarings van minderwaardigheid, diep ervarings van onvergenoegdheid – nooit tevrede nie.
Ons dra blink maskers en steek die pyn weg.

Wat leer ons uit die Petrus verhaal en uit die evangelie?
Die verhaal help ons om te sien wat ons kan doen met ons pyn, wonde, die onregverdige en soms onverdiende en onvermydende seer wat die lewe ons dikwels aandoen. In plaas daarvan om dit weg te steek of met baie goeie maskers te verdoesel, of te ontken of met alle menslike krag dit te probeer oorkom, dit eerder saam met God vierkantig in die oë te kyk vir wat dit is, dit te erken, eerlik daarmee om te gaan en toe te laat dat God ons daar ontmoet in ons en met ons gebrokenheid. Daar kan ons wonde 'n geskenk word eerder as letsels wat ek wil ontken, verdoesel en op ander projekteer. Daar moet iets gebeur sodat ons ons wonde as 'n geskenk kan sien en nie as 'n hindernis nie. Anders word ons sinies, negatief en bitter. *"If we dont transform it we transmit it."* En dit is gewoonlik die mense naaste aan ons wat dit beleef, ons familie, bure, ons medewerkers. Ons almal dra die kruis van ons eie verwondheid, totdat ons God toelaat om dit te verander

en ons verwonde genesers kan word. Eers wanneer ek dit ten volle in die oë kyk kan ek die geskenk daarin ontdek: *"As you know both the pain and the love, your wounds will heal".*

Sien dit in Michel Angelo se Piéta - Maria aan die voet van die kruis. Mens sou dink sy sou haar rol inneem en protesteer, maar sy doen nie. Sy is in volledige solidariteit met die misterie van lewe en dood. Dit is asof sy sê: "Daar is iets dieper wat hier gebeur". Hoe kan ek dit absorbeer, soos Jesus dit absorbeer het, in plaas daarvan om net te reageer.

Jesus aan die kruis en Maria by die kruis is klassieke voorbeelde van transformerende spiritualiteit. Hulle reageer nie met met vyandigheid, haat, beskuldigingings, veg of vlug nie. Hulle hou die lyding vas, totdat dit opstanding word.

Dit is die geheimenis/misterie van die Christelike geloof. Dit lyk na onsuksesvol, maar dit is sukses. Die vermoë om in 'n liminale ruimte te staan van verwondheid, op die drumpel te staan en deur die genade na 'n veel dieper vlak te beweeg as verwyt en pyn en en om te verstaan – dit is ons egos, maar om toe te laat dat God die seer en pyn 'n geskenk maak vir die wêreld.

Die skat/geskenk is nie die gebrokenheid nie, die skat/gift lê in dit wat kan gebeur en wat ek kan ontdek wanneer ek in my gebrokenheid met niks om te bied nie en niks om myself mee te regverdig nie voor God kom staan. Dit wat die Gees daar in my en met my kan doen is waar ek die skat/gift/rykdom/krag ontdek.

Gebrokenheid het dus die potensiaal om 'n wonderlike krag en geskenk in ons lewens te wees, maar ek moet oop wees om God daarin toe te laat. My verwondheid vir die Here te gee en nie te probeer soek na maklike antwoorde, of dit te ontken of weg te wil hardloop daarvan af nie. Dit vra dat ek in my verwondheid met God sal worstel daarmee.

Die koninklike paleis in Teheran Iran is 'n indrukwekkende blink plek. In die massiewe ingang is uitgelê met stukkies glas wat lyk soos diamante en kristal – maar as jy van nader kyk sien mens dis klein stukkies gebreekte spieël...so vertel hulle die argitek het destyds groot spieëls bestel om die ingang met massiewe spieëls uit te lê, maar die besending per skip het alles gebreek – hy besluit toe om dit steeds te gebruik – stukkies opgetel en bymekaar geplak op muur.

"it was broken to be more beautiful"

Dit is die getuienis van Petrus se lewe.